GTC
consult • partner • manage

# INLEIDENDE GIDS - HOE AFTREE FONDSE WERK

## FONDSE GEADMINISTREER DEUR GTC

NUWE LEDE

U reis na finansiële welstand begin hier.
Hier is u gids tot die verskillende voordele wat vir u beskikbaar is as lid van 'n aftree fonds.



### Welkom

Hierdie Padkaart moet saam met u spesifieke omvattende **Ledegids** gelees word.

Die doel van hierdie Padkaart is om die noodsaaklike voordele te verduidelik waarvoor u, as lid van n aftree fonds, geregtig kan wees. Produk struktuur, versekerings polisse, terminologie en belasting implikasies sal duidelik gemaak word.






### Voldoen aan regulatoriese vereistes

Vanaf Maart 2019, vereis regulasie dat alle aftree fonds lede toegang het tot berading vir die volgende:

- keuse van beleggings;
- oordrag van vorige aftree spaargeld;
- aftree en uitgangs opsies;
- risiko voordele.

### Terminologie om u te help op u reis

**Annuitisering:** Die verpligte aankoop van 'n pensioen by aftrede, met ten minste twee- derdes van die nie-gevestigde gedeelte van u fonds krediet, onderhewig aan belasting betaalbaar en heersende wetgewing.

**U fonds krediet:** Die opgelope beleggings waarde van u aftree fonds, ongeag of dit 'n pensioen- of voorsorg fonds is.

Enige **kontant** is onderhewig aan belasting.

Indien u fonds krediet minder as **R247 500** is, kan die volle bedrag by aftrede in kontant geneem word.

**T-Dag:** 1 Maart 2021 is die gewettigde implementerings datum van die verdeling van u voorsong fonds krediet in 'n gevestigde en nie-gevestigde voordeel. Pensioen fondse is reeds onderhewig aan annuitisering.

**Gevestigde voordeel:** U voorsorg fonds krediet soos op T-Dag, plus toekomstige groei daarop, kan as kontant by aftrede geneem word. .

**Nie-gevestigde voordeel:** U voorsorg fonds krediet wat onderhewig is aan annuitisering. Dit bestaan uit bydraes van T-Dag af van nuwe lede in voorsorg fondse.

Wanneer u die voordeel na 'n ander fonds oordra, word die gevestigde en nie-gevestigde dele behoue gebly.

Sien **hier** vir die Terminologie video.

### Die voordele van 'n aftree fonds

- Belasting voordele op bydraes.
- Geen belasting op beleggings groei.
- Beskerming teen meeste krediteure.
- Institusionele beleggings portefeulje koste.
- Groep risiko voordele:
  - mediese gratis dekking perke.
  - Institusionele tariewe.

### Die doel van 'n aftree fonds

'n Aftree fonds bestaan hoofsaaklik as 'n voertuig om op 'n belasting doeltreffende wyse vir u aftrede te spaar en/of om u van versekerings dekking te voorsien. Dit is een van die min voertuie wat beskikbaar is vir werknemers wat betekenisvolle belasting doeltreffendheid bied. Dit is dus 'n gewilde manier vir aftree spaargeld.



### Wie bestuur die aftree fonds?

- U fonds word bestuur deur 'n raad van Trustees.
- Die pligte van Trustees is om toesig te hou oor, en die fonds te bestuur.
- Die Trustees van die fonds het GTC as administrateurs aangestel.
- Die fonds is by die FSCA geregistreer, om wetlike nakoming en goeie bestuur te verseker.
- Die fonds is ook by die SAID geregistreer, sodat u belasting verligting op u bydraes en voordele ontvang.

### Aftrekkings wat steeds van toepassing kan wees

- Belasting.
- Diefstal/Bedrog teen u werkgewer.
- Huislenings deur die fonds.
- Egskeiding.
- Onderhoud.

Vervolg

## Pensioenbare salaris

Dit is die salaris wat gebruik word om u maandelikse bydraes tot die fonds te bereken.

Dit is belangrik dat u weet en verstaan, dat dit kan verskil van u totale koste vir maatskappy (CTC).

## Risiko salaris

Dit is die salaris wat gebruik word om u groep risiko voordeel te bereken. Dit is belangrik dat u weet dat dit kan verskil van u totale koste teenoor u werkgewer, en moontlik u pensioenbare salaris.

## Aftree ouderdom

U aftree ouderdom (normaal, vroeg en laat) word in die reëls van die fonds gestipuleer, en moet in lyn wees met u diens kontrak.

## Waaruit bestaan die fonds krediet?

Die waarde van u opgelope beleggings in die fonds, en sluit in:

- Netto maandelikse bydraes.
- Addisionele bydraes.
- Oorplasing vanaf vorige werkgewers se fondse.
- Minus spesiale aftrekkings (bv. egskeiding).
- Netto beleggings groei.

U kan toegang tot u beleggings inligting verkry deur GTC se administrasie sisteme.

**Onthou - Die waarde van u belegging kan daagliks wissel, as gevolg van beleggings marktoestande.**

**U kan u aanmeld besonderhede van HR verkry.**

## Wat gebeur met u bydraes?

U netto bydrae word in 'n beleggings portefeulje belê.

Beleggings portefeuljes is ontwerp om spesifieke teikens te bereik, om lede te help om hul aftree doelwitte te bereik.

## Koste & risiko premies

Risiko premies en administrasie kostes en versekerings premies, word gewoonlik vanaf die werkgewer se bydraes afgetrek. Dit staan dan bekend as 'n "**inklusiewe fonds**".

Die administrasie kostes en versekerings premies word somtyds deur die werkgewer betaal, bo en behalwe die bydraes vir aftree besparings. Dit staan dan bekend as 'n "**eksklusiewe fonds**".

## Beleggings portefeuljes

Die netto bedrae en enige oorplasings vanaf 'n ander fonds, word in 'n beleggings portefeulje belê.

Die Fonds bied verskillende beleggings portefeuljes aan.

Lede wat nog 'n lang tyd het tot aftrede, behoort in 'n mark gekoppelde portefeulje te wees, wat meer groei oor die lang termyn sal verseker.

Lede nader aan aftrede behoort meer versigtig te wees, en eerder in 'n konserwatiewe portefeulje te belê.

## Beleggings portefeulje deur die Trustees bepaal

Indien geen keuse aangebied word nie, of daar is wel 'n keuse maar die lid neem nie 'n besluit nie, dal sal portefeuljes wat vooraf deur die Trustees bepaal is, van toepassing wees.

Partymaal sal 'n stelsel in plek wees wat outomaties die risiko van die portefeulje verminder, soos wat lede nader aan aftree ouderdom kom.

Aangesien die beleggings portefeuljes tot 'n mindere of meerdere maate aan die mark gekoppel is, beteken dit dat u waaarde op 'n daaglikse basis wissel.



Dit is belangrik om 'n geregistreerde adviseur te skakel voordat besluite geneem word.

## Groep risiko voordele




Daar word gewoonlik van hierdie voordele aangebied. Die mees algemene hiervan is groep lewens, gestremdheid, en begrafnis voordele.

Die premies van groeps voordele is oor die algemeen laer as individuele polisse en daar is ook Mediese Vrye limiete, wat beteken dat tot op 'n sekere vlak, kan die dekking verkry word sonder enige mediese inligting of onderskrywing.

Verwys na die <u>Risiko voordele Padkaart</u> vir meer inligting.

## Opsies wanneer u die fonds verlaat

Daar is verskeie opsies beskikbaar wanneer u diens van u werkgewer verlaat (bedanking of aftrede).

U kan die verskillende opsies in meer besonderhede by <u>videos en padkaarte</u> besigtig.

## Opbetaalde voordele in vorige aftree fondse

Wetgewing vereis dat die Fonds 'n lys van alle opbetaalde lidmaatskap sertifikate van u versoek, ten opsigte van enige aftree spaargeld wat u dalk in u vorige werkgewers se aftree fonds belê het. E-pos asseblief hierdie sertifikate aan <u>clientservicing@gtc.co.za</u>

U kan hierdie opbetaalde voordele in die fonds oordra. **GTC kan u kontak om u te help met hierdie oordrag.**

Die begin van 'n nuwe werk kan skrikwekkend wees, en daar is ook verskeie belangrike finansiële faktore wat in ag geneem moet word, soos hoe belangrik die behoud van u opgelope voordele is, waar moontlik.
U word aangemoedig om geakkrediteerde finansiële advies oor u opsies te verkry.

GTC as u administrateur, kan u voorsien van al die inligting wat u benodig met betrekking tot u fonds 010 597 6920 of <u>clientservicing@gtc.co.za</u>
Die GTC privaatheidsbeleid kan besigtig word by <u>https://gtc.click/group-privacy-policy</u>
**Dit is belangrik dat u die privaatheidsbeleid lees en verstaan.**